higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

26 Februarie 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n antwoordboek van 16 bladsye.

036Q1S2026

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Voltooi AL die antwoorde in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.

5. Moenie enige bladyse uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.

6. Toon ALLE berekeninge.

7. Gebruik die tabel om jou te lei oor die hoeveelheid tyd wat jy aan die beantwoording van elke vraag moet bestee.

8. BTW word teen 15% bereken.

10. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae	20	10 minute
2	Kort teoretiese vrae en berekeninge	30	20 minute
3	Kort teoretiese vrae en berekeninge	20	20 minute
AFDELING B			
4	Hulpjoernale	60	70 minute
5	Algemene grootboek	25	20 minute
6	Finansiële jaareinde en state	30	30 minute
7	Rekeningkundige vergelyking	15	10 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die brondokument wat gebruik word om die betaling van die internetrekening aan MWEB aan te teken, is die ...

A duplikaatfaktuur.
B oorspronklike faktuur.
C rekeningstaat.
D tjekteenbald.

1.1.2 Wanneer 'n krediteur voorraad aan die verskaffer terugstuur, sal die krediteur se rekening in die krediteuregrootboek ...

A verhoog.
B gekretideer word.
C dieselfde bly.
D gedebiteer word.

1.1.3 Watter EEN van die volgende is 'n nieroetine-inkomste vir 'n besigheid?

A Rente betaal
B Slegte skuld verhaal
C Verkope
D Telefoon

1.1.4 ... is 'n voorbeeld van 'n uitgawe in 'n besigheid.

A Betaling van 'n krediteur
B Rente ontvang
C Toerusting aangekoop
D Korting toegestaan

1.1.5 Voorraad wat op krediet verkoop is word in die ... -joernaal aangeteken.

A krediteure
B kontantontvangste
C debiteure
D kontantbetalings

(5 × 1) (5)

1.2 Donna's Deli bak en verkoop koeke. Donna weet niks van BTW nie. Sy het hulp nodig om tussen die verskillende tipes BTW te onderskei. Dui aan of die volgende voorraad onderhewig is aan standaard BTW, nulkoers en of dit vrygestel is van BTW. Skryf slegs 'standaard BTW', 'nulkoers', of 'vrygestelde voorraad' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Huur wat vir die onderneming se perseel betaal word

1.2.2 Diesel wat in die afleweringsvoertuig gebruik word om koeke af te lewer

1.2.3 Afleweringsvoertuig wat aangekoop is om koeke af te lewer

1.2.4 Eiers wat gebruik word om die koeke te bak

1.2.5 Busvervoer vir die werknemers

(5 × 1) (5)

1.3 Ontvangste vir Donna's Deli op 23 Mei 2019 was soos volg:

- Het 'n koek vir R1 500,00 aan GW Garage, wat by G.O. Bank bank, verkoop. Hulle het per tjek betaal.
- 'n Debiteur het hul uitstaande bedrag van R2 300,00 per elektroniese fondsoorplasing betaal. Bewys van betaling is ontvang.
- Die kontantverkope vir die dag was R11 250,00 waarvan R10 800,00 in note en die res in munte was.

Donna het jou, R. May, op 24 Mei 2019 gevra om die depositiostrokies met verwysing, 23/05, vir Donna's Deli te voltooi. (10)

[20]

VRAAG 2

2.1 In watter algemene-grootboekrekening word die volgende bepaal?

2.1.1 Bruto wins

2.1.2 Netto wins

(2 × 1) (2)

2.2 Die volgende is 'n uittreksel uit die boeke van Gogo's Corner vir die maand Maart 2019.

Bruto wins	R3 800
Rente ontvang	R1 250
Telefoon	R2 770
Huur betaal	R5 500
Verpakking	R 750

Stel die wins-en-verlies-rekening op. (8)

2.3 Identifiseer die brondokumente vir die volgende transaksies vir Gogo's Corner wat tydens April 2019 plaasgevind het.

2.3.1 Vorder slegte skuld in wat voorheen afgeskryf is

2.3.2 'n Regstelling is gemaak vir 'n ontvangs wat aan die verkeerde debiteur toegeken is

2.3.3 Kredietverkope

2.3.4 Teruggawe van goedere wat op krediet verkoop is

(4 × 1) (4)

2.4 Gee DRIE gevolge daarvan as dokumente NIE korrek bewaar word nie.

(3 × 1) (3)

2.5 Die volgende rekeningsaldo's is deur 'n onervare boekhouer op 30 November 2019 uit die algemene grootboek van Bija Furnitures onttrek.

PROEFBALANS VIR DIE TYDPERK GEËINDING 30 NOVEMBER 2019		
	DEBIET (R)	**KREDIET (R)**
Nominale balansstaat		
Verkope	150 000	
Kapitaal		155 000
Bankoortrekking	61 000	
Koste van verkope	80 000	
Debiteure		55 000
Balansstaatrekening		
Trekkings		15 500
Krediteurekontrole		25 800
Handelsvoorraad	52 040	
Versekering		15 600
Huur betaal	15 860	
Toerusting		35 000

BYKOMENDE INLIGTING

Nadat die boekhouer die bostaande proefbalans opgestel het, het hy besef dat die volgende transaksies nie in berekening gebring is nie:

- Voorraad ter waarde van R8 000 is per tjek aangekoop.
- N. Bija het 'n verdere kapitaalbydrae vir toerusting ter waarde van R75 000 gemaak.
- Meubels vir R70 000 is op krediet aangekoop.

Gebruik die bostaande inligting on SLEGS die balansstaatafdeling van die proefbalans op te stel.

NB: Toon ALLE berekeninge tussen hakies in die detailkolom. (13)

[30]

VRAAG 3

3.1 Gebruik die volgende transaksies van Box It Solutions om te bepaal of die belasting inset- of uitsetbelasting is. Skryf slegs 'inset' of 'uitset' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer:

3.1.1 Betaling van die telefoonrekening

3.1.2 Verkoop van die afleweringsvoertuig

(2 × 1) (2)

3.2 Die bank het 'n tjek as 'Verwys na trekker' na Box It Solutions teruggestuur. Die tjek is van 'n debiteur ontvang wat hul skuld vereffen het. Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie transaksie verband hou:

3.2.1 In watter joernaal sal hierdie transaksie aangeteken word?

3.2.2 Watter rekening in die algemene grootboek sal gedebiteer word?

3.2.3 Watter rekening in die algemene grootboek sal gekrediteer word?

3.2.4 Indien die uitstaande skuld as oninbaar skuld afgeskryf is, onder watter afdeling in die proefbalans sal slegte skuld geklassifiseer word?

(4 × 1) (4)

3.3 Box It Solutions het hul kredieteur, CardBoards Inc., R7 000 geskuld. Box It Solutions het die uitstaande bedrag by CardBoards Inc. vereffen en is korting van R200 toegestaan. Box It Solutions het dieselfde tjek wat gebruik is om hul rekening te vereffen gebruik om handelsvoorraad ter waarde van R3 500 kontant aan te koop waarop 10% korting toegestaan is.

Wat was die bedrag waarvoor Box It Solutions die tjek aan Cardboards Inc. uitgemaak het?

(Toon ALLE berekeninge) (5)

Kopiereg voorbehou

3.4 Fair Square is Box It Solutions se krediteur. Op Fair Square se September 2019-staat was Box It Solutions se uitstaande saldo R41 450. Volgens Box It Solutions se boeke was die uitstaande balans verskuldig R38 750.

Met die rekonsiliasie van Fair Square se staat en die krediteurerekening in Box It Solutions se krediteuregrootboek, is die volgende foute opgespoor.

A 'n Faktuur van R5 370,00 is verkeerdelik as R3 570,00 op die staat aangeteken.

B Box It Solutions het die teruggawe van beskadigde goedere van R200 aan Fair Square verkeerdelik as 'n faktuur aangeteken.

C Fair Square het 'n teruggawe van R750,00 aan Box It Solutions aangeteken, terwyl 'n ander debiteur van Fair Square die goedere teruggegee het.

D Box It Solutions het 'n korting van R150,00 vir vroeë betaling aangeteken toe hulle die rekening betaal het. Fair Square het egter nie die korting toegestaan nie, aangesien die betaling nie binne die vasgestelde tyd gemaak is nie.

E Op 30 September 2019 het Box It Solutions 'n betaling van R4 000,00 aan Fair Square gemaak. Die betaling verskyn egter nie op Fair Square se staat wat op 25 September 2019 uitgereik is nie.

3.4.1 Voltooi die tabel in die ANTWOORDBOEK om die foute reg te stel. Skryf slegs die reggestelde bedrag met 'n + of – langs die letters (A–E) in die regte kolom neer.

Toom ALL berekeninge tussen hakies. (7)

3.4.2 Bereken die kolomtotale na die regstellings. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B

VRAAG 4

November 2019 is die elfde maand waarop Season's Enterprise, 'n geregistreerde BTW-ondernemer, wat slegs met ander geregistreerde ondernemers sake doen, handel dryf. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelslel. Die toeslag is op elke voorraaditem anders.

VERLANG:

- Gebruik die inligting hier onder om die transaksies in die volgende toepaslike hulpjoernale aan te teken.
- Bereken BTW teen 15% in ALLE joernale waar BTW van toepassing is, tensy anders aangedui.
- Rond bedrae tot TWEE desimale plekke af.
- MOENIE die joernale op 30 November 2019 afsluit nie.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(13)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(10)
4.3	Debiteurejoernaal	(9)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(7)
4.5	Krediteurejoernaal	(11)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(6)
4.7	Algemene joernaal (Geen verduidelikings nodig nie)	(4)

Dag	Detail	Dok. Nr.	Bykomende inligting	Bedrag ontvang
7	Kontant-verkope	CRR1	Verkoopprys (BTW ingesluit) is R4 887,42 Toeslag teen 40% van kosprys	?
10	A. Snow	R201	Kapitaalbydrae deur eienaar	R55 000
13	Kontant-verkope	CRR2	Toeslag teen 25% op kosprys	R22 100
16	Kontant-verkope	CRR3	Kosprys: R3 312,49	R 5310
19	G.O. Bank	B/S	Direkte deposito vir banklening ontvang	R60 000

Transaksies vir November 2019

Opsomming van duplikaatkwitansies en kontantfakture uitgereik:

Opsomming van bankdepositostrokies:

Dag	Totaal van depositostrokies
10	R60 620,53
22	R27 410,00

Opsomming van tjekteenblaaie, EFO's en bankstaatdebiete:

Dag	Begunstigde	Dok. nr.	Bykomende inligting	Bedrag betaal
1	Kontant	DQ1	Kontant vir kleinkas	R1 800
3	Rooikruis	DQ2	Donasie aan Rooikruisvereniging	R 500
13	Khanisa Traders	DQ3	Handelsware aangekoop vir R3 815,75 (BTW uitgesluit	?
23	Malema Fabulous	DQ4	Aflos van die bedrag	?
24	Flora's Traders	DQ5	Handelsware aangekoop (R1 200,00 was vir persoonlike gebruik)	R3 800
30	G.O. Bank	B/S	Rente op lening	R 225

Opsomming van kredietfakture aan debiteure:

Dag	Klant	Bykomende inligting	Faktuur nr.	Faktuur bedrag
4	T Matolweni	• Toeslag teen 25% op kosprys	014	R2 400
6	S Ruka	• Toeslag teen 30% op kosprys • Verkoopprys (BTW ingesluit) – R6 800,00 minus 10% handelskorting	015	?
11	S Dyantyi	• Verkoopprys (BTW ingesluit) – R4 500,00 • Kosprys – R3 124,29	016	?

Opsomming van kredietnotas aan krediteure uitgereik vir voorraaditems wat teruggestuur is:

Dag	Klant	Bykomende inligting	Kredietnot anr.	Bedrag
5	T Matolweni	• Voorraad nie volgens bestelling	CD1	R800
6	S Ruka	• Klant te veel gevra vir uitverkopingsitems	CD2	R712
14	S Dyantyi	• Voorraad beskadig • Verkoopprys (BTW uitgesluit)– R770,00 • Kosprys – R550,00	CD3	?

Opsomming van kredietfakture van krediteure ontvang (fakture reeds genommer):

Dag	Verskaffer	Bykomende inligting	Faktuur nr.	Faktuur bedrag
10	Ramaphosa Computers	Toerusting – R8 000,00 Boks drukkerpapier – R258,00	N14	?
12	Malema Fabulous	Verpakkingsmateriaal	N15	R 456
19	Makgashule Plastic CC	Handelsware	N16	R6 424
21	Somizi Products	Personeelverversings	N17	R 880
27	Wynns Traders	Handelsware	N18	R2 280

Opsomming van debietnotas vir goedere wat na krediteure teruggestuur is:

Dag	Verskaffer	Bykomende inligting	Debiet-notanr.	Bedrag
12	Ramaphosa Computers	Boks drukkerpapier beskadig	CD1	R258
29	Wynn's Traders	Te veel gevra vir handelsware	CD2	R424
30	Somizi Products	Korting van 10% nie in aanmerking geneem nie	CD3	?

Opsomming van joernaalbewyse:

Dag	Detail	Bewysnr.	Bedrag
15	Hef 10% rente op debiteur, J. Rose, se uitstaande bedrag van R7 200,00.	JV2	?

[60]

VRAAG 5

Die inligting hier onder vir September 2019 kom uit die boeke van Goodness Traders.

VERLANG:

Berei die volgende algemene-grootboekrekeninge voor: Balanseer SLEGS die bankrekening.

5.1 Debiteurekontrolerekening
(Saldo op 1 September 2019: R43 270) (6)

5.2 Handelsvoorraadrekening
(Saldo op 1 September 2019: R57 290) (9)

5.3 Bankrekening
(Oortrokke saldo op 1 September 2019: R40 000) (10)

INLIGTING:

- The onderneming gebruik 60% toeslag op koste.
- Die volgende is uittreksels uit die totale van die joernale op 30 September 2019:

Kontantontvangste-joernaal	**R**
Bank	?
Debiteurekontrole	36 730
Korting toegestaan	850
Verkope	79 120
Koste van verkope	?

Kontantbetalingsjoernaal	**R**
Bank	?
Krediteurekontrole	19 500
Korting ontvang	975
Handelsvoorraad	9 480
Debiteurekontrole (R/D)	2 630

Debiteurejoernaal	**R**
Verkope	?
Koste van verkope	23 850

Debiteurekortingsjoernaal	**R**
Debiteurekorting	1 920
Koste van verkope	1 020

Krediteurejoernaal	**R**
Krediteurekontrole	?
Handelsvoorraad	31 320
Toerusting	15 980

Krediteurekortingsjoernaal	**R**
Krediteurekontrole	?
Handelsvoorraad	2 100
Toerusting	980

Algemene joernaal	**DEBIET**	**KREDIET**
Trekkings	4 000	
Handelsvoorraad		4 000
Eienaar neem voorraad vir eie gebruik		

[25]

VRAAG 6

Die volgende proefbalans verskyn in die boeke van Anastacia Traders op 30 Junie 2019. Gebruik die inligting hier onder om die volgende voor te berei:

6.1 Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2019. (12)

6.2 Balansstaat soos op 30 Junie 2019. (10)

6.3 Aantekeninge in die ANTWOORDBOEK vereis vir die jaar geëinding 30 Junie 2019. (8)

ANASTACIA TRADERS
PROEFBALANS VIR DIE JAAR GEËINDING 30 JUNIE 2019

	Fol.	Debiet		Krediet	
BALANSSTAATAFDELING					
Kapitaal (01/07/2018)	B1			42 000	00
Trekkings	B2	2 000	00		
Grond en geboue	B3	21 540	00		
Voertuig	B4	13 200	00		
Toerusting	B5	3 200	00		
Voorraad	B6	9 190	00		
Bankoortrekking	B7			3 600	00
Kleinkas	B8	300	00		
Kaskontant	B9	650	00		
Debiteurekontrole	B10	870	00		
Krediteurekontrole	B11			2 410	00
NOMINALE-REKENINGE-AFDELING					
Verkope	N1			13 390	00
Koste van verkope	N2	6 810	00		
Huur ontvang	N3			3 100	00
Debiteurekorting	N4	700	00		
Telefoon	N5	560	00		
Herstel en onderhoud	N6	2 560	00		
Water & elektrisiteit	N7	820	00		
Bankkoste	N8	300	00		
Vervoerkoste van verkope	N9	1 800	00		
		64 500	00	64 500	00

[30]

VRAAG 7

Ontleed die transaksies hier onder uit die boeke van Mamaland Stationers deur die rekeninge wat in die algemene grootboek gedebiteer en gekrediteer is te toon. Toon die invloed op die rekeningkundige vergelyking. Gebruik 'n + vir 'n toename, 'n – vir 'n afname en 'n 0 indien geen effek nie. Sommige van die inligting is reeds voltooi.

Mamaland Stationers gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

TRANSAKSIES

A 'n Betaling van R9 600 is vir huur van PLP Holdings ontvang. (4)

B 'n Debiteur is insolvent verklaar en skuld van R3 600 is as oninvorderbaar afgeskryf. (4)

C Skryfbehoeftes van R14 000,00 is vir herverkope aangekoop – per tjek betaal. (3)

D Ontvang 'n oorspronklike kredietfaktuur vir R7 800 vir toerusting wat op krediet gekoop is. (4)

Voltooi die ontbrekende inligting van die rekeningkundige vergelyking deur die korrekte antwoord langs die vraagnommer (7.1–7.15) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

Transaksie	Brondokumente	Joernaal	Algemene grootboek		Rekeningkundige vergelyking		
			Debiet	Krediet	Bate	Eienaarskapitaal	Las
A	7.1 ...	KOJ	Bank	7.2 ...	+ 9 600	7.3 ...	7.4 ...
B	7.5 ...	AG	Slegte skuld	7.6 ...	7.7 ...	- 3 600	7.8 ...
C	7.9 ...	7.10	Handelsvoorraad	7.11 ...	+ 14 400 - 14 400	0	0
D	Kredietfaktuur	7.12	Toerusting	7.13 ...	+ 7 800	7.14 ...	7.15 ...

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou